(vervolg)

### *Die nuwe owerste van Násaret*

**83** [13] Jy sou beslis al iets gehoor het van die berugte belastingdiefstal, wat deur die agente van die tempel onder die vermomming van opperstadhouer nouliks vyf weke gelede gepleeg is, en hoe die skelm transport daarvan - saam met baie ander gesteelde goedere wat met skandelike geweld afgepers is - in Kis deur die knegte van die baie ryk Kisjonah gevang is! Wel, toe was dit juis dié JaHshua, wat deur die tempel sonder enige rede gehaat word en wat selfs deur die hoogste Romeine meer vereer word as hul Jupiter, wat deur sy woord en sy ongehoorde wonderdade die verwoestende storm vir Jerusalem afgewend het! Dit is egter nog lank nie van die baan nie; maar net nog een of ander halsstarrigheid van julle kant - en die storm breek los!

[14] Ook net één enkele klag van Borus, Jaïrus of van my is voldoende, en dan mag jy jou Jerusalem en jou tempel maar oor drie weke gaan bekyk, en dan sal jy moeite hê om die plek te vind waar die tempel eers gestaan het! - Het jy my mooi gehoor?"

[15] Van toorn en ergernis stamp **die nuwe owerste** weer sy voete en sê: "Wie kan dit met `n eed bekragtig? Want die skynbare daders sit in die tempel!"

[16] **Roban** sê: "Volgens die Romeinse wette mag die daders ook nooit `n eed aflê nie, maar slegs die getuies van elders, en daarvan het hulle daar as dit nodig is tienduisend, en ek dink dat dit wel voldoende sal wees teenoor die tientalle misdadigers!"

[17] Die heeltemal neergeslane **owerste** sê: "Dus moet ons JaHWeH, Moses en die profete maar vergeet en geen mens mag meer - vanweë die Romeine - hulle gebooie navolg nie?!"

[18] **Roban** sê: "Hou jy nou maar jou mond oor Moses en JaHWeH en al die profete! Daarvan is by jou en nog minder by die owerstes en hoogstes van die tempel ook maar iets te vind nie. Die tempel is al dertig jaar lank niks anders as `n wissel- en handelsmark nie en van die egte JaHWeH en Moses is al lankal geen spoor meer te vind nie! Dit wat nog daar is, is pure skyn en bedrog, en die verskeurende wolwe loop in skaapvelle rond om die arme skape makliker te kan gryp. As jy volgens die wette van Moses sou gelewe het, sou jy nooit hierdie posisie vir soveel goud en silwer gekoop het nie! Ek verwed my lewe daarop dat Moses dit nooit êrens beveel het om die amp van opperpriester vir goud en silwer te verkoop nie!"

[19] Na hierdie antwoord van Roban spring die nuwe **owerste** byna uit sy vel van woede en sê: "Dit maak heeltemal niks aan my nie! Ek sal tog wel iemand vind wat julle kan aanvat, sodat julle julleself nog baie sal verbaas, want ek weet ook nog baie dinge wat julle nie weet nie, en ek ken baie weë wat julle nie ken nie!"

[20] **Roban** sê: "Beslis moontlik, maar dit is ook beslis moontlik dit ons al jou weë en paadjies nog beter ken as jy, en dit is maar `n vraag of ons al jou weë, waaraan jy heimlik dink om ons in die rug te kom steek, nie al versper het nie! Soos wat gesê is, probeer maar eers, dan sal jy direk ervaar wat ons jou almal vertel het!"

[21] **Die ander** sê vir Roban: "Maar broer, waarom beskerm jy hierdie onmens teen sy sekerlike ondergang? Hy is immers in ons hande en moet die hemel maar om hulp vra as ons vir onsself die buitengewone vryheid veroorloof om hom die klippe van Násaret te laat smaak!" - Toe aan die owerste: "Ons is fariseërs en skrifgeleerdes net soos jy, en eintlik nog meer, want ons stam van Levi af, terwyl ons weet **dat jy jou in die stamregister ingekoop het**, soos wat daar nou teenswoordig alles insluitend die hemel te koop is! Daarom is jy `n indringer in die allerheiligste en `n bedrieër van Elohim, en vir so `n misdryf moet jy met reg gestenig word; veel kan jy jou dus nie meer veroorloof nie of ons gryp na die klippe!"

[22] Hierdie kragtig uitgesproke dreigement maak die owerste in elk geval uiterlik meer verdraagsaam, maar innerlik meer verbitter, en hy sê na `n oomblik: "Julle moet my egter ook nie verkeerd beoordeel nie, want ek ken die groot tekortkominge van die tempel net so goed soos julle, en dit gaan maar slegs daaroor hoe om dit te verberg en hoedat die tempel weer haar vroeëre invloed kan terugwin."

### *Die getuienis van Giwar*

**84** **Giwar**, die redenaar, sê toe: "Waarom moet ons ingewydes mekaar so onsinnig lastig val? Was ek nie vanaf my elfde tot en met my vyf-en-twintigste jaar dienaar in die tempel nie, en weet ek nie maar al te goed wat daar gebeur nie? As ek boos wou wees, wie sou ek dan nie in al die tyd kon verraai het nie! Maar ek dag toe by myself: Die blinde volk bly tog afhanklik van die tempel – net soos voorheen!

[2] Waarom sou ek die volk die geloof ontneem, waarop hulle nog steeds, soos wat ek dink, onbegrensde hoop stel, en waarby ons priesters in elk geval `n goeie wêreldse bestaan het? As ons egter nou, omdat ons geen werklike agtergrond meer het nie, ons snaar te styf span, dan sal dit breek, en dan sal dit opeens klaar wees met ons gesang en dan kan ons maar later visnette gaan opsoek en daar gaan visvang waar die meer die diepste is.

[3] Wat kan ons dan teen die mag van ons van dag tot dag talryker wordende vyande doen? Glo jy dat die tempel ons dan sal beskerm? Daarop kan jy nie reken nie, want in Rome lewe nou al heelwat Judeërs, wat mooi saamspeel oor die wederregtelike in die tempel by elkeen se vergaarde skatte! Hulle sal ons net so min verdedig soos die huidige tempeldienaars, as wat die swaeltjies hul vlerke nou al uitgevou hou, om by die eerste die beste geleentheid `n reis oor die groot see na Italië in

Europa te maak en nooit weer na Asië terug te keer nie.

[4] Daarom dien dit nou vir ons almal aan te beveel om in die eerste plek ons beroep as priester so waardig moontlik en in alle kalmte uit te oefen, en ten tweede die Romeinse 'In medio beati' ('Die goue middeweg te hou') terdeë en goed in ag te neem, anders kan ons onsself maar binne enkele jare op die visse gaan toelê!

[5] By dit alles tree daar juis in hierdie tyd twee manne op, wat met hul onbegryplike mag in staat sou wees om binne enkele jare met hul nuwe leer die hele aarde vir hulleself in te palm! Johannes, liggaamlik weliswaar nie meer onder die sterflikes nie, se eerste leer word deur die helfte van Judéa en Galiléa aanvaar, en nou nog standvastiger as wat dit tydens sy lewe die geval was! Herodes kon dus in sy geilheid wel die hoof van die onmiskenbare profeet neem, maar sal hy dit ook met sy gees en die gees van sy goddelike leer kan doen? Ek glo dit in der ewigheid nie, want dit is juis deur vervolging dat elke goeie leer groot en onoorwinlik word!

[6] Johannes is wel liggaamlik uit die weg geruim, maar in sy plek het die bekende JaHshua gekom, waarteenoor Johannes hom nouliks mee kan vergelyk soos wat `n molshoop teenoor die magtige berg Ararat staan! Sy bomenslike sagte en uitermatig mensvriendelike, ondogmatiese optrede en gedrag, die groot wysheid in elke sin van Sy spraak, waarvan die suiwer goddelike, koesterende en begryplike waarheid geen mens, met slegs `n verstand so groot as `n ertjie in sy hart, ook maar `n oomblik laat twyfel het aan Sy hemelse afkoms nie - en ten slotte laat Sy dade elke mens sê: So iets is slegs maar vir Elohim moontlik!

[7] Wat wil of kan ons nou nog teen Hom uitrig? Ons kan ons wel gehaat en onverdraaglik maak ten behoewe van sulke buitengewone verskynsels, maar beslis nie tot ons voordeel nie, maar slegs tot ons nadeel.

[8] Ons moet ons daarom hier so verstandig moontlik gedra en nooit op die teenswoordige, maar veeleer op die toekomstige al ons strewes rig, anders is dit met ons voortbestaan plotseling gedaan!"

[9] **Die owerste** sê: "Jy dink dus dat mens JaHshua nie moet laat pak nie, maar dat `n mens dit braaf moet afwag totdat hy ons heeltemal ten gronde gerig het?"

[10] **Giwar** sê daarop: "Pak Hom as jy kan! Wat het ons nie almal teen Hom onderneem nie en watter resultaat het ons gehad? Ek sê vir jou: Niks anders nie as dat Hy duisende leerlinge daarby gekry het en ons daarby net soveel armer geword het - en dat ons weldra almal die groot geluk sal hê om oor die skerp swaard van die Romeine te spring, wat Hom as `n egte God beskou!

[11] Bowendien het Hy, wat nog nooit op aarde gebeur het nie, steeds `n paar engele in Sy gevolg wat ondanks al hul skynbare sagtheid en jong-seunsagtige kwesbaarheid tog `n mag en `n krag besit waarvan ons geringe wysheid nooit kan droom nie. En hulle wil jy gryp en Hom pak? Ek versoek jou: wees alles, maar nie waansinnig nie! Voordat jy met `n slegte voorneme iets aan Hom sou kon doen, was jy al verlam! Of dink jy dat Hy nie weet wat ons hier bespreek nie? Ek sê vir jou: dan vergis jy jou deeglik! Almal hier kan getuig dat Hy `n paar dae gelede baie presies geweet het wat ons om middernag oor Hom gesê het en wat ons so half en half besluit het!

[12] Dit is baie aangenaam om na `n verhaal te luister oor `n groot storm op see, maar dit is heelwat anders om dit self mee te gemaak het! Ek sê vir jou: Oefen jy heel rustig en sonder omhaal jou amp uit, dan sal geen onaangenaamhede van geen enkele kant jou tref nie. As jy egter despoties te werk wil gaan, staan ons almal daarvoor in dat nie slegs net jy en jou Kapernaum nie, maar dat die hele Jerusalem oorhoops sal wees! Met baie wysheid kan ons Jerusalem uiteindelik nog vyftig jaar in stand hou - maar ons kan ook deur ons onrype dwaasheid haar ondergang binne enkele weke laat bewerkstellig!

[13] Jy het nou die vrye keuse om te doen wat jy die beste vind; vir ons is dit maar `n klein entjie na die Romeine! Hulle is, goddank, ons vriende, maar vir jou sou die weg wel baie lank word! Die menslike wysheid vereis tog om nooit `n leë vir `n volle aan te neem nie! Wat kan jy dan van die hebsugtige tempel, wat nou lankal al `n leë dop is, nog verwag? Is dit dan nie baie verstandiger om met `n veel-belowende ontwikkeling saam te gaan nie? Ek sê jou reguit, dat al die groot en magtige menere uit Rome hulle soos `n lammers deur JaHshua laat lei! As Hy hulle nou gewen het vir Sy waarlik goddelike suiwere leer, wat moet ons dan teen Hom begin? As jy ook maar aanstaltes wil maak om Hom te pak, is jy self al so goed as opgepak, en geen mens sal ook maar één stap versit om jou te bevry nie. As jy jou egter verstandig gedra, dan sal die Romeine ook jou vriende word, en jy sal dan net soos Jaïrus `n goeie bestaan kan maak! Maar doen nou wat jy wil, uit die gevolge sal jy wel ondervind of ons jou vriend-skaplike of vyandige raad gegee het!"

[14] Hierdie toespraak van Giwar het `n goeie uitwerking; die owerste word meegevoer en begin om in te sien dat beide Roban en Giwar volkome gelyk het en hy belowe hulle dat hy hulle raad sou navolg. - En so het die eerste storm in die sinagoge goed afgeloop